**Dawid gesalf as koning, en Dawid oorwin Goliat**

**1 Sam 16:1-17:58**

**29 September 2024**

1. Vantevore: Die Here het Saul verwerp as koning – hy het nie ontsag vir die Here gehad nie, het Agag se lewe gespaar. Die Here gaan koning aanstel wat beter is, na hart van die Here.
2. Dawid word as koning gesalf (1 Sam 16:1-13)
   a. Samuel moet nuwe koning gaan salf – uit Isai se seuns – Dawid is die koning
   b. "Die mens kyk na wat hy sien, maar die Here kyk na die hart" (vgl 1 Sam 13:14)
   c. Die Gees van die Here het van Dawid besit geneem (1 Sam 16:13)
3. Dawid in Saul se diens (1 Sam 16:14-23)
   a. Die Gees van die Here het van Saul gewyk, bose gees het oor hom gekom
   b. Dawid speel vir Saul op lier om hom te kalmeer
4. Dawid oorwin Goliat (1 Sam 17:1-58)
   a. Ontwikkeling van die gebeure:
      - Omstandighede (v1-3): Weer oorlog teen Filistyne
      - Prikkel (v4-11): Goliat se uitdaging
      - Opbou van spanning (v12-44): Isai stuur Dawid (v10-18), Dawid reageer op Goliat se uitdaging (v19-27), Eliab sê Dawid is verwaand (v28-30), Dawid sê vir Saul hy sal gaan veg (v31-39), Dawid gaan Goliat tegemoet (v40-44)
      - Klimaks (v45-49): Dawid se uitsprake: dis die Here se oorlog, tref Goliat
      - Afloop van spanning (v50-54): Kap Goliat se kop af, Filistyne vlug
      - Samevatting (v55-58): Dawid is die seun van Isai, uit Betlehem
   b. Betekenis van gebeure uit klimaks en samevatting: Die Here gee die oorwinning deur Dawid, die seun van Isai, uit Betlehem.
   c. Voorafgaande konteks: Dawid is nuwe koning op wie die Gees van God rus, seun van Isai – Boas – Elimeleg – Juda – Jakob – Abraham – Adam en Eva
   d. Is Dawid die Een uit die vrou wat die kop van die slang gaan vermorsel?
   e. Goliat dra geskubde harnas (1 Sam 17:5) – tipe van die duiwel; Dawid is OT tipe van die Een wat beloof is
   f. Vergelyk Dawid met die Here Jesus:
      - Eliab vs Jesus se broers (Joh 17:5)
      - Dawid/Saul vs Jesus/Herodes/Kajafas
      - Volk op 'n afstand vs vroue/dissipels op 'n afstand by kruis
      - Dawid veg alleen teen Goliat vs Jesus veg alleen teen duiwel
      - Dawid: "Die hele aarde sal weet dat Israel 'n God het" vs Romeinse bevelvoerder: "Hy was werklik Seun van God"
      - Dawid bring Goliat se kop vs Jesus wys die merke in Sy hande en sy
      - Stryd tussen Dawid/Saul vs Stryd tussen Jesus/Joodse owerhede
      - Volk agtervolg Filistyne vs Jesus stuur dissipels uit
      - Dawid is OT tipe van Ewige Koning vs Jesus is Ewige Koning
   g. Verskil tussen Dawid en Jesus: Dawid is net koning, Jesus is Priesterkoning
5. Implikasies
   a. Verantwoordelike interpretasie: erken eenheid van die Bybel en tipes/antitipes
   b. Ons moet ons met die volk identifiseer, eerder as met Dawid
   c. Ons as konings help met opruiming na die oorwinning, terwyl ons wapenrusting dra